

KRUIS WOORD

"JESUS RED"...?

Kruiswoord III

Lukas 23:47

Jesus antwoord hom: "Amen (Ek verseker jou): Vandag sal jy saam met My in die paradys wees"



Ek ry op die N1 in die Karoo tussen oop vlaktes met telefoonpale wat verbyflits. Ek ry 'n bekende Karoodorp binne met groot advertensieborde orals: STEERS, RY STADIG ONS IS LIEF VIR ONS KINDERS, MCDEES I'm lovin it... En ek sien die weerkaatsing van my gesig in die venster. En dan vang my oog iets wat geskryf staan teen hoog teen 'n krans; duidelik sigbaar vir 'n soekende oog geverf in groot wit skewe letters: JESUS RED. Net dit. So

tussen al die ander kommentaar op billboards. En dit is snaaks wat dit aan my doen... Dit laat my bietjie *cringe*...ineenkrimp. Half vreemd né; beide die boodskap en my gevoel. Dalk het jy dit ook al ervaar as jy dit lees op 'n bumper sticker. Die Here alleen weet wat die persoon ervaar het toe hy daar opgeklouter het teen die rotse met sy verfkwas en emmer - in daglig of in die nag. Maar in die vreemde tye wat ons leef - tussen mense wat baie soos ons is alhoewel ons gedurig herinner word hoe ons verskil van mekaar - is die betekenis van die woorde helder: JESUS RED. Ek dink meeste van ons reageer so half skaam as ons dit lees. JESUS SAVES. Soos die kommentaar van iemand: "*Be like Jesus - save your documents*"

Hoekom laat hierdie woorde teen 'n krans ons bietjie *skaam* voel? Dalk omdat dit ons herinner aan 'n vreemde soort geloof wat ons nie meer ken nie, of predikers wat ons vang met 'n slap riem en op ons emosies speel met mooi musiek om ons hartjie vir Jesus te gee sonder om die koste te bereken, of ooms wat staan met megafone op straathoeke en mense verskree met die woorde JESUS RED!

Of dalk is die rede hoekom dit so oppervlakkig klink *juis* omdat dit jou so diep tref; dat dit met

jóú praat - dat jy redding nodig het. Ryk, arm, man, vrou kind, godsdienstig of ateïs, geleerd of ongeskoold... Die woorde is half aanstootlik en boul ons om, want wat dit sê is: Jy het nie regtig vrede in eie jou vel nie, jy is nie werklik gelukkig nie, en nie heel nie. Dit is nogal wild om vir iemand te sê - veral as dit waar is. Want ek en jy wat dit lees probeer dan so hard om gelukkig te wees; en dit lyk so bietjie of ons is - ons het darem genoeg vrede van tyd tot tyd, so teen die *odds* in maak ons dit darem in die lewe. En as ons wiele afval dan plak ons dit maar weer aan - want ons kan! Kan ons?

JESUS RED sê: Jy gaan dit nie maak nie - jy het hulp nodig.

Die is storie van die dief aan sy regterkant, wat in nederigheid verlangend uitroep: "Jesus, dink aan my wanneer U in u koninkryk kom." En dan hierdie aangrypende antwoord van Jesus: "Amen, ek sê vir jou vandag sal jy saam met My in die paradys wees..." - eintlik maar dieselfde woorde wat geverf is teen die rotswand; half absurde woorde wat te goed is om waar te wees, maar woorde wat gesê word deur 'n persoon, Jesus. *"It was by the cross of Christ that justice and mercy kissed each other."* Frank Bailey

Die geloof van hierdie misdadiger is werklik verbasend. Die omstandigehde om te kom tot geloof in Christus was immers nooit ongunstiger as juis nou nie, want dit was, uit menslike oogpunt beskou, op daardie oomblik die tyd van die grootste swakheid van Jesus Christus. Juis toe die kruis waaraan Jesus Christus gehang het die grootste struikelblok was vir die geloof in Hom as Redder en Verlosser van die mensheid, het die geloof van hierdie man hom verhef tot 'n hoogte waar dit alle twyfel ver benede gelaat het.

"Red ons" is wat ons almal uitroep op een of ander manier: red ons van die wêreld wat aanhoudend kruise agter ons naam maak; red ons van en vir en midde 'n 120km/h wêreld

met sy *billboards* en gemengde boodskappe van oppervlakkige liefde en haat.

"Because I suspect that at its heart the painful wincing is directed less to the preposterousness of the claim that Jesus saves than it is directed to the preposterousness of the claim that people like ourselves are savable—not that we are such sinners that we do not deserve saving, but that we are so much ourselves, so hopelessly who we are—no better, no worse—that we wonder if it is possible for us to be saved." F Buechner

Ja Jesus red.

Dit is die geskenk en skande van genade; uitgespel teen 'n rotswand in die Karoo.

Die geskenk van 'n God wat weerloos inbreek in ons wereld en nie nou weg is nie.

Die skande van 'n God wat gebore is tussen die reuk van diere in 'n stal en opeindig langs die wee aan 'n kruis... Die skande en geskenk van 'n God wat ons lewens kom omkrap met sy genade en gee wat ons nie verdien nie; wat met wit verf sy naam op ons kom skryf: Jy is Myne!

"Jesus died loving, not killing." - Shane Claiborne

Om oor na te dink:

Lees weer die teksgedeelte deur. Jy kan gerus die hele hoofstuk lees in Lukas. Watter emosies en vrae maak dit in jou los?

Lees weer die aanhalings van Buechner en Claiborne hierbo deur - hoe resoneer hierdie woorde met jou?

Watter 'heilige' oomblikke het jy al beleef waar jy oorweldig was deur die genade van Jesus?

KRUIS WOORD

"JESUS RED"...?

Kruiswoord III

Lukas 23:47

Jesus antwoord hom: "Amen (Ek verseker jou): Vandag sal jy saam met My in die paradys wees"



Ek ry op die N1 in die Karoo tussen oop vlaktes met telefoonpale wat verbyflits. Ek ry 'n bekende Karoodorp binne met groot advertensieborde orals: STEERS, RY STADIG ONS IS LIEF VIR ONS KINDERS, MCDEES I'm lovin it... En ek sien die weerkaatsing van my gesig in die venster. En dan vang my oog iets wat geskryf staan teen hoog teen 'n krans; duidelik sigbaar vir 'n soekende oog gevef in

groot wit skewe letters: JESUS RED. Net dit. So tussen al die ander kommentaar op billboards. En dit is snaaks wat dit aan my doen... Dit laat my bietjie *cringe*...ineenkrimp. Half vreemd né; beide die boodskap en my gevoel. Dalk het jy dit ook al ervaar as jy dit lees op 'n bumper sticker. Die Here alleen weet wat die persoon ervaar het toe hy daar opgeklouter het teen die rotse met sy verfkwas en emmer - in daglig of in die nag. Maar in die vreemde tye wat ons leef - tussen mense wat baie soos ons is alhoewel ons gedurig herinner word hoe ons verskil van mekaar - is die betekenis van die woorde helder: JESUS RED. Ek dink meeste van ons reageer so half skaam as ons dit lees. JESUS SAVES. Soos die kommentaar van iemand: "*Be like Jesus - save your documents*"

Hoekom laat hierdie woorde teen 'n krans ons bietjie *skaam* voel? Dalk omdat dit ons herinner aan 'n vreemde soort geloof wat ons nie meer ken nie, of predikers wat ons vang met 'n slap riem en op ons emosies speel met mooi musiek om ons hartjie vir Jesus te gee sonder om die koste te bereken, of ooms wat staan met megafone op straathoeke en mense verskree met die woorde JESUS RED!

Of dalk is die rede hoekom dit so oppervlakkig klink *juis* omdat dit jou so diep tref; dat dit met j^ou praat - dat jy redding nodig het. Ryk, arm, man, vrou kind, godsdienstig of ateis, geleerd of ongeskoold... Die woorde is half aanstootlik en boul ons om, want wat dit sê is: Jy het nie regtig vrede in eie jou vel nie, jy is nie werklik gelukkig nie, en nie heel nie. Dit is nogal wild om vir iemand te sê - veral as dit waar is. Want ek en jy wat dit lees probeer dan so hard om gelukkig te wees; en dit lyk so bietjie of ons is - ons het darem genoeg vrede van tyd tot tyd, so teen die *odds* in maak ons dit darem in die lewe. En as ons wiele afval dan plak ons dit maar weer aan - want ons kan! Kan ons?

JESUS RED sê: Jy gaan dit nie maak nie - jy het hulp nodig.

Die is storie van die dief aan sy regterkant, wat in nederigheid verlangend uitroep: "Jesus, dink aan my wanneer U in u koninkryk kom." En dan hierdie aangrypende antwoord van Jesus: "Amen, ek sê vir jou vandag sal jy saam met My in die paradys wees..." - eintlik maar dieselfde woorde wat geveerf is teen die rotswand; half absurde woorde wat te goed is om waar te wees, maar woorde wat gesê word deur 'n persoon, Jesus. *"It was by the cross of Christ that justice and mercy kissed each other."* Frank Bailey

Die geloof van hierdie misdadiger is werklik verbasend. Die omstandighede om te kom tot geloof in Christus was immers nooit ongunstiger as juis nou nie, want dit was, uit menslike oogpunt beskou, op daardie oomblik die tyd van die grootste swakheid van Jesus Christus. Juis toe die kruis waaraan Jesus Christus gehang het die grootste struikelblok was vir die geloof in Hom as Redder en Verlosser van die mensheid, het die geloof van hierdie man hom verhef tot 'n hoogte waar dit alle twyfel ver benede gelaat het.

"Red ons" is wat ons almal uitroep op een of ander manier: red ons van die wêreld wat aanhoudend kruise agter ons naam maak; red

ons van en vir en midde 'n 120km/h wêreld met sy *billboards* en gemengde boodskappe van oppervlakkige liefde en haat.

"Because I suspect that at its heart the painful wincing is directed less to the preposterousness of the claim that Jesus saves than it is directed to the preposterousness of the claim that people like ourselves are savable—not that we are such sinners that we do not deserve saving, but that we are so much ourselves, so hopelessly who we are—no better, no worse—that we wonder if it is possible for us to be saved." F Buechner

Ja Jesus red.

Dit is die geskenk en skande van genade; uitgespel teen 'n rotswand in die Karoo.

Die geskenk van 'n God wat weerloos inbreek in ons wereld en nie nou weg is nie.

Die skande van 'n God wat gebore is tussen die reuk van diere in 'n stal en opeindig langs die wêreld aan 'n kruis... Die skande en geskenk van 'n God wat ons lewens kom omkrap met sy genade en gee wat ons nie verdien nie; wat met wit verf sy naam op ons kom skryf: Jy is Myne!

"Jesus died loving, not killing." - Shane Claiborne

Om oor na te dink:

Lees weer die teksgedeelte deur. Jy kan gerus die hele hoofstuk lees in Lukas. Watter emosies en vrae maak dit in jou los?

Lees weer die aanhalings van Buechner en Claiborne hierbo deur - hoe resoneer hierdie woorde met jou?

Watter 'heilige' oomblikke het jy al beleef waar jy oorweldig was deur die genade van Jesus?

